Lugwaardigheidsertifikate, bevoegdheidsertifikate en lisensies wat deur een kontrakterende party uitgereik of geldig gemaak is en wat nog van krag is, word deur die ander kontrakterende party vir die ekspluitasie van die ooreengekome dienste as geldig erken.

Elke/

Elke kontrakterende party behou egter die reg voor om vir die doel van vlugte oor sy eie gebied te weier om bevoegdheidsertifikate en lisensies wat deur 'n ander staat aan sy eie landsburgers uitgereik is, te erken.

ARTIKEL V.

(A) Die wette en regulasies van een kontrakterende party betreffende die binnekoms in of vertrek uit sy gebied van vliegtuie wat vir internasionale lugvaart gebruik word, of betreffende die gebruik en navigasie van sulke vliegtuie terwyl hulle in sy gebied is, is op die vliegtuie van die ander kontrakterende party van toepassing en moet deur sulke vliegtuie by hul binnekoms in of vertrek uit die gebied van eersgenoemde party, of terwyl hulle daarin vertoef, nagekom word.

(B) Die wette en regulasies van elke kontrakterende party betreffende die binnekoms en verblyf in en vertrek uit sy gebied van passasiers, bemanning en vrag van vliegtuie, soos regulasies met betrekking tot binnekoms, klaring, immigrasie, paspoorte, doeane en kwarantyn, moet nagekom word.

ARTIKEL VI.

Elke kontrakterende party behou die reg voor om 'n sertifikaat of permit in die geval van 'n aangewese lugeksploitant van die ander kontrakterende party te weier of in te trek indien hy nie daarvan oortuig is dat oorwegende eiendomsreg van en doeltreffende beheer oor sodanige eksploitant by landsburgers van die ander kontrakterende party borus nie, of ingeval die eksploitant versuim om die wette en regulasies vermeld in artikel V van hierdie ooreenkoms na te kom, of om andersins die voorwaardes waarop die regte ingevolge hierdie ooreenkoms en sy aanhangsel verleen word, uit te voer.

ARTIKEL VII/

ARTIKEL VII.

(A) Die lugvaartoutoriteite van die twee kontrakterende partye sal in 'n gees van noue samewerking gereeld beraadslaag ten einde te verseker dat die beginsels en bepalinge uiteengesit in hierdie ooreenkoms en sy aanhangsel gehandhaaf en nagekom word.

(B) Indien die lugvaartoutoriteite van enigeen van die kontrakterende partye versuim of ophou om inligting met betrekking tot die ooreengekome dienste te publiseer, soos dié vervat in die Opgawes van Lugdiensverkeer (Landingsplek na Landingsplek en Oorsprong en Bestemming) wat tans deur die "Civil Aeronautics Board" uitgegee word, en versuim of ophou om die gegewens van hierdie aard wat deur die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart vereis mag word, te verstrek, moet die lugvaartoutoriteite van dié kontrakterende party, op versoek van die lugvaartoutoriteite van die ander kontrakterende party, enige inligting van hierdie aard wat gevra word, verskaf.

ARTIKEL VIII.

Vir die doel van hierdie ooreenkoms en sy aanhangsel -

(A) word die uitdrukking "gebied" soos op elke kontrakterende party toegepas, geag die grondgebiede en aangrensende territoriale waters onder die soewereiniteit, susereiniteit, beskerming, mandaat, of voogdyskap van sodanige kontrakterende party te behels;

(B)/

(B) beteken die uitdrukking „lugvaartoutoriteite“ in die geval van die Unie van Suid-Afrika die Minister belas met burgerlike lugvaart, en in die geval van die Verenigde State die "Civil Aeronautics Board", en in beide gevalle enige persoon of liggaam wat gemagtig is om die werksaamhede wat tans deur die hierin omskrewe lugvaartoutoriteite verrig word, uit te voer;

(C) het die uitdrukking „internasionale lugdienste“ die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 96 van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart wat op 7 Desember 1944 te Chicago onderteken is.

ARTIKEL IX.

Behalwe soos andersins in hierdie ooreenkoms of sy aanhangsel bepaal, word enige geskil tussen die kontrakterende partye met betrekking tot die vertolking of toepassing van hierdie ooreenkoms of sy aanhangsel, wat nie deur beraadslaging besleg kan word nie, vir 'n adviserende verslag verwys na 'n arbitrasieliggaam bestaande uit drie arbiters, een deur elk van die kontrakterende partye benoem te word en die derde deur die twee aldus gekose arbiters in oorleg met mekaar aangewys te word, met dien verstande dat sodanige derde arbiter nie 'n landsburger van enigeen van die kontrakterende partye is nie. Elk van die kontrakterende partye moet 'n arbiter aanwys binne twee maande na die afleweringdatum van 'n diplomatieke nota van enigeen van die partye aan die ander, waarin die beslegting van 'n geskil deur middel van arbitrasie versoek word; en oor die derde arbiter moet binne een maand na sodanige tydperk van twee maande ooreengekom word. Indien daar nie binne hierdie bepaalde tyd oor die derde arbiter

ooreengekom/

ooreengekom word nie, moet die vakature wat daardeur ontstaan, aangevul word deur die aanstelling van 'n persoon, aangewys deur die president van die raad van die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart, uit 'n naamlys van arbitrasiepersoneel wat volgens gebruik van genoemde Organisasie in stand gehou word. Die uitvoerende outoriteite van die kontrakterende partye sal kragtens die bevoegdheids tot hulle beskikking, alles in hul vermoë doen om aan die mening wat in so 'n adviserende verslag uitgespreek word, gevolg te gee. Die helfte van die uitgawes van die arbitrasieliggaam word deur elke party gedra.

ARTIKEL X.

Hierdie ooreenkoms en alle betreklike kontrakte moet by die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart geregistreer word.

ARTIKEL XI.

(A) Hierdie ooreenkoms, asook die bepalings van sy aanhangsel, tree op die dag waarop dit onderteken word, in werking.

(B) Enigeen van die kontrakterende partye kan te eniger tyd versoek dat daar met die ander party beraadslaag word met die oog daarop om enige wysigings van hierdie ooreenkoms of sy aanhangsel wat uit ondervinding wenslik blyk te wees, aan te bring. As 'n veelsydige konvensie wat op beide kontrakterende partye betrekking het, in werking tree, word daar aldus beraadslaag met die oog op die wysiging van hierdie ooreenkoms of sy aanhangsel in dier voege dat dit aan die bepalings van so 'n konvensie voldoen.


(C) Behalwe soos andersins in hierdie ooreenkoms of sy aanhangsel bepaal, kan enigeen van die kontrakterende partye, indien hy dit wenslik ag dat die bepalinge van die aanhangsel van hierdie ooreenkoms gewysig word, versoek dat die lugvaartoutoriteite van beide kontrakterende partye met mekaar beraadslaag; solanige beraadslaging binne 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum van die versoek 'n aanvang te neem. Enige wysiging van die aanhangsel waarop bedoelde lugvaartoutoriteite ooreenkoms, tree in werking wanneer dit deur die wisseling van diplomatieke notas bekragtig is.

(D) Wanneer die prosedure vir beraadslaging, soos bepaal in paragraaf (B) van hierdie artikel, in werking gestel is, kan enigeen van die kontrakterende partye te eniger tyd aan die ander kontrakterende party kennis gee dat hy verlang om hierdie ooreenkoms te beëindig. Die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart moet tegelykertyd van hierdie kennisgewing verwittig word.

Hierdie ooreenkoms tree buite werking 'n jaar na die datum van ontvangs van die beëindigingskennisgewing deur die ander kontrakterende party, tensy daar ooreengekom word om die kennisgewing voor die verstryking van hierdie tydperk terug te trek. As die ander kontrakterende party versuik om ontvangs te erken, word die kennisgewing geag ontvang te gewees het veertien dae nadat dit deur die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart ontvang is.

Onderteken/

Onderteken op hierdie 23^{ste} dag van Mei 1947
te Kaapstad in duplikaat in die Engelse en Afrikaanse
tale. Beide lesings is ewe outentiek.



Namens die regering van die Verenigde State van Amerika:



Namens die regering van die Unie van Suid-Afrika:

A A N H A N G S E L.

AFDELING I.

Die regering van die Verenigde State van Amerika verleen aan die regering van die Unie van Suid-Afrika die reg om lugvervoerdienste deur een of meer deur laasgenoemde land aangewese lugekspluitante wat Suid-Afrikaanse landsburgers is, te eksploiteer oor die roetes, vermeld in bygaande Bylae I, wat oor die gebied van die Verenigde State van Amerika gaan of dit op handelsgebied bedien.

AFDELING II.

Die regering van die Unie van Suid-Afrika verleen aan die regering van die Verenigde State van Amerika die reg om lugvervoerdienste deur een of meer deur laasgenoemde land aangewese lugekspluitante wat landsburgers van die Verenigde State is, te eksploiteer oor die roetes, vermeld in bygaande Bylae II, wat oor die gebied van die Unie van Suid-Afrika gaan of dit op handelsgebied bedien.

AFDELING III.

Aan een of meer lugekspluitante wat deur elk van die kontrakterende partye kragtens die bepalings van hierdie ooreenkoms aangewys is, word die reg verleen om oor die gebied van die ander kontrakterende party te vlieg, vir nie-verkeersdoeleindes daarin te land, en dit vir handelsdoeleindes binne te kom en daaruit te vertrek met die oog op die vervoer van internasionale verkeer bestaande uit passasiers, vrag en postukke by die plekke aangetoon en oor elk van die roetes vermeld in die bygaande bylaes by alle lughawens wat vir internasionale verkeer oopgestel is.

AFDELING IV/

AFDELING IV.

Die kontrakterende partye kom as volg ooreen:-

(A) Dat die twee regerings begeer om die groots
 woonlikke verspreiding van die voordele verbonde aan
 lugvervoer in die algemene belang van die mensdom teen
 die goedkoopste tariewe bestaanbaar met gesonde
 ekonomiese beginsels te bevorder en aan te moedig; en om
 internasionale lugvervoer aan te wakker as 'n middel tot
 bevordering van 'n vriendskaplike gesindheid en wel-
 willendheid onder die volke, en tewens tot aanwending
 van die talle onregstreekse voordele verbonde aan hierdie
 nuwe metode van vervoer vir die gemeenskaplike welsyn
 van beide lande.

(B) Dat aan die aangewese lugeksploitant van die
 twee kontrakterende partye wat die roetes vermeld in
 hierdie aanhangsel eksploiteer, billike en gelyke
 geleenthede verskaf moet word vir die eksploitasie van
 die ooreengekome dienste. As die aangewese lug-
 eksploitant van een kontrakterende party, as gevolg van
 die oorlog tydelik nie van sodanige geleenthede gebruik
 kan maak nie, moet die kontrakterende partye die toestand
 hersien ten einde bedoelde lugeksploitant te help om
 volle gebruik te maak van die billike en gelyke geleent-
 hede om aan die ooreengekome dienste mee te doen.

(C) Dat by die eksploitasie van die in hierdie aan-
 hangsel bedoelde internasionale dienste deur die lug-
 eksploitante van enigeen van die kontrakterende partye,
 die belange van die lugeksploitant van die ander land
 egter in aanmerking geneem moet word sodat die dienste
 wat laasgenoemde oor dieselfde roete of 'n gedeelte
 daarvan verskaf, nie buitematig nadelig getref word nie.

(D)/

(D) Dat al die lugvervoerdienste wat deur die eksploteinte van beide lande aangebied word, in noue verband met die behoeftes van die publiek aan sodanige dienste moet staan.

(E) Dat die dienste wat deur 'n aangewese lug-eksploteint ingeolge hierdie ooreenkoms en sy aanhangsel geëksploteit word, die verskaffing van vervoervermoë wat aan die verkeersvereistes tussen die land waarvan sodanige lugeksploteint 'n landsburger is, en die land wat die uiteindelijke bestemming van die verkeer is, sal voldoen, as hoofdoel moet behou.

(F) Dat die reg van die lugeksploteinte van enigeen van die lande om internasionale verkeer bestem vir of afkomstig uit derde lande by 'n plek of plekke op die roetes in die bygaande bylaes vermeld, by plekke in die gebied van die ander land op en af te laai, toegepas moet word in ooreenstemming met die algemene beginsels van ordelike ontwikkeling, wat beide regerings onderskryf, en onderworpe moet wees aan die algemene beginsel dat vervoervermoë verband moet hou met -

- (1) verkeersvereistes tussen die land van oorsprong en die lande van bestemming;
- (2) die vereistes van deurgaande lug-eksploteitasie; en
- (3) die verkeersvereistes van die gebied waaroor die lugdiens geëksploteit word nadat met plaaslike en streekdienste rekening gehou is.

AFDELING V.

(A) Die vasstelling van tariewe ooreenkomsdig die volgende paragrawe moet op 'n redelike peil geskied, met behoorlike inagneming van alle ter sake dienende faktore,

soos bedryfskoste, redelike wins, en die tariewe gehef deur enige ander ekspluitante, asook die aard van elke diens.

(B) Die tariewe wat tussen plekke in die gebied van die Verenigde State en plekke in die gebied van die Unie van Suid-Afrika vermeld in hierdie aanhangsel, deur die lugekspluitante van enigeen van die kontrakterende partye gehef word, is, in ooreenstemming met die bepalinge van hierdie ooreenkoms en sy aanhangsel, onderworpe aan die goedkeuring van die lugvaartoutoriteite van die kontrakterende partye, wat, binne die perke van hul regsbevoegdheid, ooreenkomstig hul verpligtinge kragtens hierdie aanhangsel moet handel.

(C) Aangesien die "Civil Aeronautics Board" van die Verenigde State die verkeerskonferensie-prosedure van die Vereniging vir Internasionale Lugvervoer (hierna V.I.L. genoem) vir 'n tydperk van een jaar vanaf Februarie 1947 goedgekeur het, is enige tarief-ooreenkomste wat gedurende dié tydperk deur middel van hierdie prosedure aangegaan is en waarby lugekspluitante van die Verenigde State betrokke is, aan die goedkeuring van die Raad onderworpe.

(D) Besonderhede van enige tarief voorgestel deur die lugekspluitant of -ekspluitante van enigeen van die kontrakterende partye, moet ten minste dertig dae voor die voorgestelde datum waarop die tarief in werking tree, by die lugvaartoutoriteite van beide kontrakterende partye ingedien word; met dien verstande dat hierdie tydperk van dertig dae in besondere gevalle verkort kan word as die lugvaartoutoriteite van beide kontrakterende partye daartoe instem.

(E)/

(E) Die kontrakterende partye kom ooreen dat die prosedure wat in paragrawe (F), (G) en (H) van hierdie afdeling voorgeskryf word, van toepassing is -

- (1) indien, gedurende die tydperk waarvoor die verkeerskonferensie-prosedure van V.I.L. deur die "Civil Aeronautics Board" goedgekeur is, enige bepaalde tarief-ooreenkoms nie binne 'n redelike tyd deur enigeen van die kontrakterende partye goedgekeur word of 'n konferensie van V.I.L. nie in verband met 'n tarief ooreen kan kom nie; of
- (2) indien daar op een of ander tydstip van geen V.I.L.-prosedure gebruik gemaak kan word nie; of
- (3) indien enigeen van die kontrakterende partye op een of ander tydstip sy goedkeuring van die deel van die V.I.L.-verkeerskonferensie-prosedure wat op hierdie afdeling betrekking het, terugtrek of versuim om sodanige goedkeuring te hernu.

(F) Indien die lugvaartoutoriteite van die Verenigde State by wet gemagtig word om billike en ekonomiese tariewe vir die lugvervoer van persone en goedere op internasionale dienste vas te stel en om voorgestelde tariewe op te skort op 'n wyse vergelykbaar met dié waarop die "Civil Aeronautics Board" tans gemagtig is om op te tree in verband met sodanige tariewe vir die lugvervoer van persone en goedere in die Verenigde State, oefen elk van die kontrakterende partye daarna sy bevoegdheid uit op 'n wyse wat sal verhoed dat enige tarief of tariewe, voorgestel deur een van sy ekspluitante vir dienste tussen die gebied van

een kontrakterende party en 'n plek of plekke in die gebied van die ander kontrakterende party, van krag word, as die tarief na die mening van die kontrakterende party wie se lugeksploitant of -eksploitante sodanige tarief voorstel, onbillik of onekonomies is. As een van die kontrakterende partye na ontvangs van die in paragraaf (D) hierbo bedoelde kennisgewing, nie met die tarief voorgestel deur die lugeksploitant of -eksploitante van die ander kontrakterende party tevrede is nie, moet hy die ander kontrakterende party voor die verstryking van die eerste vyftien van vermelde dertig dae dienoreenkomsig verwittig, en moet die kontrakterende partye trag om oor 'n gepaste tarief ooreen te kom.

Indien so 'n ooreenkoms getref word, sal elke kontrakterende party sy regsbevoegdheid uitoeven ten einde aan sodanige ooreenkoms gevolg te gee.

As 'n ooreenkoms nie by verstryking van die tydperk van dertig dae genoem in paragraaf (D) hierbo getref is nie, kan die voorgestelde tarief, tensy die lugvaartoutoriteite van die land van die betrokke lugeksploitant dit goed vind om die toepassing van die tarief op te skort, voorlopig in werking gestel word hangende die beslegting van 'n geskil ooreenkomsig die prosedure in paragraaf (H) hieronder omskryf.

(G) As een van die kontrakterende partye, voordat sodanige bevoegdheid by wet aan die lugvaartoutoriteite van die Verenigde State verleen is, nie met enige tarief voorgestel deur die lugeksploitant of -eksploitante van enigeen van die kontrakterende partye vir dienste tussen die gebied van een kontrakterende party en 'n plek of plekke in die gebied van die ander kontrakterende party tevrede is nie, moet hy die ander kontrakterende party

voor/

voor die verstryking van die eerete vyftien dae van die dertigdaagse tydperk genoem in paragraaf (D) hierbo, dienooreenkomstig verwittig, en moet die kontrakterende partye trag om oor 'n gepaste tarief ooreen te kom.

Indien so 'n ooreenkoms getref word, sal elke kontrakterende party alles in sy vermoë doen met die oog op die inwerkingstelling van sodanige ooreengekome tarief deur sy lugeksploitant of -ekspluitante.

Daar word erken dat as so 'n ooreenkoms nie voor die verstryking van sodanige dertig dae getref kan word nie, die kontrakterende party wat teen die tarief beswaar gemaak het, sulke stappe as wat nodig geag word kan doen om die instelling of voortsetting van die betrokke diens teen die gewraakte tarief, te verhinder.

(H) Wanneer die lugvaartoutoriteite van die twee kontrakterende partye na beraadslaging as gevolg van die klagte van een kontrakterende party betreffende die voorgestelde tarief of 'n bestaande tarief van die lugeksploitant of -ekspluitante van die ander kontrakterende party, in enige geval genoem in paragrawe (F) en (G) hierbo nie binne 'n redelike tyd in verband met die gepaste tarief ooreen kan kom nie, moet beide kontrakterende partye, op versoek van enigeen van hulle, die saak deur middel van arbitrasie laat besleg op die wyse voorgeskryf in artikel IX van die ooreenkoms.

(I) Die uitvoerende gesag van die regering van die Verenigde State onderneem om alles in sy vermoë te doen om te bewerkstellig dat wetgewing aangeneem word wat die lugvaartoutoriteite van die Verenigde State magtig om billike en ekonomiese tariewe vir die lugvervoer van persone en goedere op internasionale dienste vas te stel en om voorgestelde tariewe op te skort op 'n wyse vergelykbaar met dié waarop die "Civil Aeronautics Board"

tans/

tans gemagtig is om op te tree in verband met sodanige tariewe vir die lugvervoer van persone en goedere in die Verenigde State.

AFDELING VI.

Daar word erken dat die vasstelling van tariewe deur 'n lugekspluitant van een kontrakterende party gehef te word tussen die gebied van die ander kontrakterende party en 'n derde land, 'n ingewikkelde vraagstuk is, waarvan die algehele oplossing nie deur beraadslaging tussen slegs twee lande verkry kan word nie. Daar word voorts daarvan kennis geneem dat die metode van vasstelling van sodanige tariewe tans die aandag van die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart geniet.

Onder hierdie omstandighede word daar aangeneem -

- (A) dat, tot tyd en wyl albei partye sodanige aanbevelings aanvaar het as wat die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart na bestudering van die saak mag doen, sulke tariewe onderworpe sal wees aan oorweging kragtens die bepalings van afdeling IV(C) van die aanhangsel van hierdie ooreenkoms;
- (B) dat, ingeval die Internasionale Organisasie vir Burgerlike Lugvaart nie daarin slaag om 'n metode van vasstelling van sulke tariewe wat vir albei partye aanneemlik is, daar te stel nie, daar ooreenkomstig die bepalings van artikel XI(B) van die ooreenkoms beraadslaag sal word.

AFDELING VII.

Veranderings wat deur enigeen van die kontrakterende partye aan die roetes genoem in die bygaande

bylaes aangebring word, uitgesonderd veranderings van die plekke wat deur lugekspluitante van een van die kontrakterende partye in die gebied van die ander kontrakterende party bedien word, word nie as wysigings van die aanhangsel beskou nie. Die lugvaartoutoriteite van enigeen van die kontrakterende partye kan dus sodanige veranderings eensydig aanbring, met dien verstande egter dat die lugvaartoutoriteite van die ander kontrakterende party onverwyld van enige veranderings verwittig word.

As sodanige ander lugvaartoutoriteite vind dat die belange van hul lugekspluitant of -ekspluitante, met die oog op die beginsels vervat in afdeling IV van hierdie aanhangsel, benadeel word deur die vervoer deur die lugekspluitant of -ekspluitante van eersgenoemde kontrakterende party van verkeer tussen die gebied van laasgenoemde party en die nuwe plek in die gebied van 'n derde land, beraadslaag die outoriteite van die twee kontrakterende partye ten einde 'n bevredigende ooreenkoms te tref.

AFDELING VIII.

Na die inwerkingtreding van hierdie ooreenkoms, verstrekk die lugvaartoutoriteite van beide kontrakterende partye so spoedig moontlik inligting aan mekaar betreffende die magtigings verleen aan hul onderskeie aangewese lugekspluitante om diens aan, deur en van die gebied van die ander kontrakterende party te verskaf. Dit sluit in afskrifte van bestaande sertifikate en magtigings vir diens oor die roetes waaroor hierdie ooreenkoms gaan en, wat die toekoms betref, van sodanige nuwe magtigings as wat verleen mag word tesame met wysigings, vrystellingsorders en planne van gemagtigde dienste.

BYLAE I.

Aan lugekspluitante van die Unie van Suid-Afrika wat ingevolge die onderhawige ooreenkoms aangewys is, word in die gebied van die Verenigde State in verband met 'n diens of dienste tussen die Unie van Suid-Afrika en New York die reg verleen om daardie gebied oor te vlieg en vir nie-verkeersdoeleindes daarin te land, asook die reg om internasionale verkeer bestaande uit passasiers, vrag en posstukke by sodanige plekke en oor sodanige roetes as wat op 'n later datum vasgestel mag word, op en af te laai.

BYLAE II.

Aan lugekspluitante van die Verenigde State van Amerika wat ingevolge die onderhawige ooreenkoms aangewys is, word die reg verleen om die gebied van die Unie van Suid-Afrika oor te vlieg en vir nie-verkeersdoeleindes daarin te land, asook die reg om internasionale verkeer bestaande uit passasiers, vrag en posstukke by Johannesburg en Kaapstad oor die volgende roetes in beide rigtings op en af te laai; oor elk van die ondervermelde roetes kan die lugekspluitant of -ekspluitante wat aangewys is om so 'n roete te eksploteer, ononderbroke vlugte tussen enige plekke langs daardie roete onderneem en een of meer van die ander aandoenplekke langs daardie roete verbysteek :-

- (1) Verenigde State oor die Noord-Atlantiese Oseaan en Afrika na Johannesburg.
- (2) Verenigde State oor die Karribiese Eilande, Suid-Amerika, die Suid-Atlantiese Oseaan en Afrika na Kaapstad.

*The American Minister to the Minister of External Affairs of the Union
of South Africa*

LEGATION OF THE
UNITED STATES OF AMERICA

*Cape Town
May 23, 1947*

SIR:

I have the honor to refer to the Bi-lateral Air Transport Agreement concluded today between the Governments of the United States and the Union of South Africa at Cape Town and in regard to Article IX of this Agreement to state that it is the understanding of my Government that in the event either contracting party should find itself unable to carry out the terms of an advisory report which recommends rectifying action on the part of both contracting parties, the contracting party which finds itself unable to carry out the terms of such an advisory report shall so notify the other contracting party which, upon receipt of such notification, will not necessarily be bound to carry out the terms of such an advisory report.

Ante, p. 3060.

This note and your confirmatory reply thereto will be regarded as constituting an agreement between the two Governments in the matter.

Please accept, Sir, the renewed assurance of my highest consideration.

T. HOLCOMB

Field Marshal

The Right Honorable J. C. SMUTS, O.M., P.C., C.H., K.C.,
D.T.D., M.P.,
*Minister of External Affairs,
Cape Town.*

*The Minister of External Affairs of the Union of South Africa to the
American Minister*

UNION OF SOUTH AFRICA.
UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.
DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.
*Cape Town,
23 May 1947*

MR. MINISTER,

I have the honour to acknowledge your note of today's date, which reads as follows:—

“Sir,

I have the honor to refer to the Bi-lateral Air Transport Agreement concluded today between the Governments of the United States and the Union of South Africa at Cape Town and in regard

Ante, p. 3060.

to Article IX of this Agreement to state that it is the understanding of my Government that in the event either contracting party should find itself unable to carry out the terms of an advisory report which recommends rectifying action on the part of both contracting parties, the contracting party which finds itself unable to carry out the terms of such an advisory report shall so notify the other contracting party which, upon receipt of such notification, will not necessarily be bound to carry out the terms of such an advisory report.

This note and your confirmatory reply thereto will be regarded as constituting an agreement between the two Governments in the matter.

Please accept, Sir, the renewed assurance of my highest consideration.

(Signed) T. HOLCOMB."

I confirm that your note and this reply will be regarded as constituting an agreement to this effect between the two Governments.

Please accept, Mr. Minister, the renewed assurance of my highest consideration.

J C SMUTS
Minister of External Affairs.

General THOMAS HOLCOMB,
*Envoy Extraordinary and
Minister Plenipotentiary of
the United States of America,
Cape Town.*